

## SUID-AFRIKA SE ONGELYKE VERDELING VAN INKOME:

### 'N VOORSPEL TOT 'N TWEEDE STRUGGLE?

# Tweede Struggle

Sampie Terreblanche

Suid-Afrika se verdeling van inkome is uiters ongelyk en een van die ongelykste ter wêreld. In 2008 het die rykste 20% (die ryk veelrassige *elite* van 10 miljoen mense) byna 74% van die totale inkome ontvang. Die volgende 30% (of die *middelgroep* van 15 miljoen) het byna 18% van inkome ontvang, terwyl die armste 50% (of die *armlastige* 25 miljoen) net meer as 8% ontvang het! (Sien Tabel).

Sedert 1991 het daar redelik drastiese verskuiwings in die verdeling van inkome tussen die vier bevolkingsgroepe plaasgevind waardeur die verdeling nog ongelyker geraak het. Die blankes se aandeel het van byna 60% in 1991 na minder as 37% gedaal. Hierdie groot daling moet gedeeltelik toegeskryf word aan die feit dat sowat 1,2 miljoen blankes sedert 1991 die land verlaat het en hulle eiendom en vaardighede saamgeneem het.

Die blanke ryk elite van 3,8 miljoen (of 83% van alle blankes) ontvang tans net meer as 35% van totale inkome. Alhoewel die blankes se aandeel skerp gedaal het, impliseer dit nie dat die blanke elite (3,8 miljoen mense) armer geword het nie. Die blanke elite se *relatiewe* aandeel het gedaal maar in *absolute* terme het hul inkome gestyg danksy die hoë ekonomiese groeikoers. Dit is wel moontlik dat sommige van die 700 000 blankes wat hulle in die *middelgroep* bevind in relatiewe én absolute terme armer geword het vanweë die ANC se beleid.

Die Afrikaanbevolking het van 30 miljoen in 1991 na 40 miljoen gestyg. Hulle aandeel in totale inkome het van 30% na 47% gestyg. Hierdie groot styging het hoofsaaklik tot die voordeel van die nuwe Afrikaanelite van 4,3 miljoen gebeur. Die ryk Afrikaanelite maak net 11% van die Afrikaanbevolking uit, maar hulle ontvang 26% van totale inkome of 54% van die inkome wat Afrikane ontvang.

Dit is moontlik dat die sowat 12 miljoen Afrikane wat deel van die *middelgroep* uitmaak en 13,6% van totale inkome ontvang, ook in 'n beter posisie as in 1991 verkeer. Die 23,7% miljoen Afrikane wat deel van die *armlastige* groep uitmaak se sosiaal-ekonomiese posisie is waarskynlik net so sleg (indien nie slegter nie) as wat dit in 1991 was.

Die bruin mense se aandeel het van 6,7% in 1991 tot 9,4% gestyg. Dit verteenwoordig nie 'n betekenisvolle styging nie, want die bruin bevolking het van 3,3 miljoen tot 4,5 miljoen gestyg. Wat belangrik is, is dat 1,1 miljoen van die bruin mense tans deel van die ryk elite vorm. Wat egter baie ontstellend is, is dat 1,3 miljoen (of 29%) van die bruin mense steeds in armlastigheid vasgevang sit. As lid van die Theron-kommissie het ek in 1975 bereken dat 40% van die bruin mense (of 800 000) in kroniese gemeenskapsarmoede leef. Die feit dat 1,3 miljoen steeds in armlastigheid leef, is baie erg.

Die Asier/Indier bevolkingsgroep se aandeel het net mooi verdubbel van 3,7% na 7,4%. Hierdie bevolkingsgroep het van 1,1 miljoen na 1,4 miljoen vermeerder. Sowat 'n driekwart miljoen bevind hul in die geleedere van die ryk elite, terwyl 600 000 in die middelgroep en 70 000 in armlastigheid leef.

Volgende jaar sal dit 100 jaar wees na Uniewording. Gedurende hierdie 100 jaar was die verdeling van inkome tussen die vier bevolkingsgroepe deurlopend baie ongelyk. Van 1910 tot 1970 was die blankes altyd minder as 20% van die totale bevolking, terwyl hulle deurlopend meer as 70% van totale inkome ontvang het. Daarenteen was die Afrikaanbevolking in daardie 60 jaar net minder as 70% van die totaal, maar hulle het deurlopend minder as 20% van die inkome ontvang! Die groot onreg van segregasie en apartheid word as't ware deur hierdie skokkende teenstelling gedefinieer.

Die skerp ongelykhede tussen die blankes en die Afrikane is van 1910 tot 1948 voortgeplant deur die owerheidsmaatreëls wat deur die Engelse establishment gedurende die hoogbloei van segregasie getref het. Van 1948 tot 1970 is die groot ongelykheid tussen blankes en Afrikane voortgeplant en vererger deur die beleidsmaatreëls wat die Afrikaner establishment gedurende die hoogbloei van apartheid getref het. Die per capita inkome van die Afrikane het as 'n persentasie van die van dié blankes van 8,9% in 1948 na 6,8% in 1970 gedaal! Die apartheidsregering het die skroewe van uitbuiting en onderdrukking in die derde kwart van die eeu skerp aangedraai.

Wanneer ons terugkyk oor die 100 jaar sedert Uniewording, staan een ding soos 'n paal bo water: die politieke maghebbers wat in die tydperk toe die Engelse establishment die land (met behulp van die bloedsappe) regeer het (1910-1948), én die politieke maghebbers wat gedurende die tydperk toe die Afrikaner establishment die land regeer het (1948-1994), én die politieke maghebbers wat gedurende die tydperk toe die Afrikaanestablishment die land regeer (sedert

1994), het telkens hulle politieke mag *misbruik* om hulle *eie* ondersteuningsgroep (of die "binnekring" daarvan) op allerhande maniere te bevoordeel, te begunstig, te bemagtig, te verryk en te korrupteer.

Die ongelykhede wat sedert 1910 bestaan het en die "herverdelings" wat sedert 1910 plaasgevind het, kan nie verklaar word sonder om die politieke ingeryping en die politieke pamperlangery ter wille van die *eie* "constituency" (of 'n deel daarvan) deur die drie opeenvolgende maghebbergroepe (Engelse, Afrikaners en Afrikane) in verrekening te bring nie.

Kom ons kyk wat het in die tydperke van die Engelse establishment (1910-1948), die Afrikaner establishment (1948-1994) en die Afrikaanestablishment (sedert 1994) gebeur.

Die ongelykhede wat vóór 1910 ontstaan het vanweë kolonialisme, laat ek buite rekening. Dit is wel belangrik om te sê dat die groter militêre slaankrag waaroor die Europeërs beskik het, hulle in staat gestel het om die weerstand van al die inheemse groepe te breek. Die inheemse groepe is reeds vóór 1910 aan grondontneming, sosiale ontwigting en arbeidsuitbuiting onderwerp.

Uniewording het in 1910 plaasgevind op grond van 'n Britse wet wat stemreg (op versoek van die goudmyne) byna uitsluitlik aan die blankes toegeken het – met twee klein uitsonderings. In 1936 en 1956 is die beperkte stemreg (wat aan Afrikane en bruin mense in Kaapland toegeken was) op twyfelagtige wyses afgeskaf om 'n lelie-wit parlement te skep.

In 1910 was die Engelse (40% van die blankes) en die bloedsappe (die meeste van hulle was groot boere) reeds ryker as die res van die bevolking. Die SAP en die VP regerings het die land van 1910 tot 1948 so regeer dat hulle ondersteuningsgroep nog ryker geword het. Die res van die Afrikaners het uit kleinboere en 'n verarmde werkersklas bestaan. Van 1910 tot 1948 is hulle nie verwaarloos nie, maar hulle is ook nie buitengewoon voorgetrek nie. Die goud *bonanza* van 1932 (toe die prys van goud met 45% gestyg het) het staatsinkome skerp laat styg. Hierdie fondse is gebruik om die infrastruktuur van die blanke Suid-Afrika te bou. Dit het tot die voordeel van die relatief arm Afrikaners gestrek.

Van 1910 tot 1948 is die bruin mense en Asiërs se belange verwaarloos, terwyl die Afrikane aan groot uitbuiting en diskriminasie onderwerp is. Die Wet op Grondbesit (1913) het die Afrikane van 'n groot deel van die grond waarop hulle 'n tradisionele bestaan gemaak het, ontnem. Op dié manier is seker gemaak dat die "leë mae" van baie jong Afrikane hulle na die goudmyne sou dwing teen lone laër as onderhoudslone. Hierdie wet het Afrikane ook van die reg op grondbesit buite die reservate ontnem, terwyl alle vorme van deelboerdery (share cropping) ook verbied is. Vóór 1948 is verskeie diskriminerende wette al op die wetboek geplaas om die Afrikaner armlankes teen die mededinging van swartes te beskerm. Die onderwys geleentheid wat vóór 1948 vir swartmense beskikbaar was, was baie swakker as die wat vir blankes beskikbaar was.

(More word die bydrae wat die Afrikaner en Afrikaanestablishments en kapitalisme tot die ongelyke verdeling van inkome gemaak het, bespreek).

PERSENTASIE AANDEEL VAN DIE VIER BEVOLKINGSGROEPE IN TOTALE INKOME EN HULLE GETALLE IN DRIE INKOME GROEPE – 2008 EN 1991

|                 | TOTAAL                  | AFRIKANE            | BRUINMENSE         | ASIERS             | BLANKES            |
|-----------------|-------------------------|---------------------|--------------------|--------------------|--------------------|
| BOONSTE<br>20%  | 73,7%<br>Aandeel        | 25,6%               | 6,4%               | 6,4%               | 35,3%              |
|                 | <b>10 miljoen mense</b> | <b>4,3 miljoen</b>  | <b>1,1 miljoen</b> | <b>760 000</b>     | <b>3,8 miljoen</b> |
| VOLGENDE<br>30% | 17,8%                   | 13,6%               | 3,5%               | 0,8%               | 1,0%               |
|                 | <b>15 miljoen</b>       | <b>11,9 miljoen</b> | <b>2,1 miljoen</b> | <b>605 000</b>     | <b>700 000</b>     |
| ARMSTE<br>50%   | 8,5%                    | 7,8%                | 0,5%               | 0,2%               | 0,1%               |
|                 | <b>25 miljoen</b>       | <b>23,7 miljoen</b> | <b>1,3 miljoen</b> | <b>72 000</b>      | <b>65 000</b>      |
| TOTAAL<br>2008  | 100%                    | 47,1%               | 9,4%               | 7,4%               | 36,4%              |
|                 | <b>50 miljoen</b>       | <b>40 miljoen</b>   | <b>4,5 miljoen</b> | <b>1,4 miljoen</b> | <b>4,6 miljoen</b> |
| TOTAAL<br>1991  | 100                     | 30%                 | 6,7%               | 3,7%               | 60%                |
|                 | <b>42 miljoen</b>       | <b>31,4 miljoen</b> | <b>3,3 miljoen</b> | <b>1,1 miljoen</b> | <b>5,2 miljoen</b> |

Verwerk van *Nasional Income Dynamic Study*, Income and Expenditure Inequality, Discussion Paper No 5, Arden Fin, Murray Leibbrandt and Ingrid Woolard, July 2009.  
Getalle effens afgerond ter wille van eenvoud.

In 1948 was die helfte van die Afrikaners nog relatief arm. Vanaf 1948 tot 1974 het die NP-regering daarin geslaag om aan almal 'n middelklasbestaan te verskaf. In die staatsdiens en die openbare korporasies is aantreklike werksgeleenthede vir hulle geskep. Groter bedrae is op hul skole en universiteite bestee. Allerhande konsessies is aan Afrikaners met goeie politieke konneksies toegeken. Die boere het groter subsidies ontvang en gewaarborgde markpryse vir hulle produkte.

Dr Verwoerd se “dompas” stelsel van 1952 het die bewegingsvryheid van die Afrikane drasties ingekort. Op dié manier het Verwoerd seker gemaak dat Afrikaner boere en industrialiste goedkoop en gedweë Afrikaanarbeid sou hê. Vanweë die rompslomp wat aan die “dompas” verbonde was, het Afrikane mettertyd sonder “dompasse” na die stede beweeg. Dit het duisende in tronke laat beland. Baie Afrikane is hierdeur gekriminaliseer en selfs gebrutaliseer.

Die NP het 'n veelvoud van addisionele diskriminerende maatreëls op swartmense van toepassing gemaak om die Afrikaners verder teen swart mededinging te beskerm. Dit het al die swartmense verontreg en verarm.

Die sosiale dienste wat vir die Afrikane beskikbaar was, was baie ontoereikend. In 1976 is R6 op die onderwys van 'n Afrikaankind bestee vir elke R100 wat op 'n blanke kind bestee is!

Die Afrikaner establishment het hom in 'n groter mate aan korrupsie skuldig gemaak as die Engelse establishment. Ná die Inligtingsskandaal is twyfelagtige besteding via die boeke van die Departement van Verdediging gekanaliseer. In ooreenstemming met die Britse tradisie is die boeke van hierdie departement nie deur die Ouditeur-Generaal geoudit nie. Gedurende 1989 tot 1994 het die staatskuld van R91,2 miljard na R237,3 miljard gestyg. Korrupsie het toe reeds 'n strukturele kenmerk van die (sterwende) apartheidsregime geblyk te wees.

Die tydperk van 1974 tot 1994 was die tydperk van die struggle, van stagflasië, van kruipende armoede en van stygende (swart) werkloosheid. Terwyl 'n ekonomiese groeikoers van ongeveer 5% van 1934 tot 1974 gehandhaaf is, het dit na 1,7% in die tydperk van 1974 tot 1994 gedaal. Baie blankes het 'n deel van die rykdom wat hulle van 1948 tot 1974 verwerf het, verloor, terwyl die onderste helfte van die swart mense aansienlik armer geword het.

Baie diskriminerende maatreëls is in 1979 afgeskaf en die “dompas” in 1986. Miljoene Afrikane het toe van die Tuislande na die stede gevloei waar plakkerskampe soos paddastoele opgeskiet het. Die NP-regering het geensins 'n stedelike infrastruktuur aan hulle verskaf nie. (Die ANC-regering het dit nog steeds nie verskaf nie!)

Die voorneme wat die ANC in 1994 gehad het om die ongelykhede, die agterstande en die armoede van in die “apartheidseeu van onreg” (1894-1994) reg te stel, was lofwaardig. Dit was veral lofwaardig as ons rekening hou met die wyse waarop die Engelse establishment segregasie met die rassistiese ideologie van Sosiale Darwinisme goedgepraat het. Dit was ook lofwaardig as ons daarmee rekening hou dat die Afrikaner establishment beweer het dat die Afrikaners 'n volk is wat deur die Voorsienigheid tot uitverkorendheid bestem was! (Die feit dat die ANC hom met “omgekeerde” rassisme bedien, moet betreur word).

Die ANC-regering het veral drie maatreëls geïmplementeer om die nodige regstelling te bewerkstellig. Sosiale besteding is ingrypend aangepas sodat 'n groter deel na swartmense gekanaliseer is. Alhoewel baie meer op swart onderwys bestee word, is die betrokke skole so swak dat te min addisionele “swart kapitaal” sedert 1994 gevorm is. Die feit dat 13 miljoen mense sosiale toelaes ontvang, is lofwaardig, maar permanent werkloos tussen 18 en 60 jaar, behoort ook 'n toelaag te kry.

Regstellende Optrede (RO) en Swart Ekonomiese Bemagtiging (SEB) was in beginsel geoorloof. Ongelukkig word albei op so 'n dom en kortsigtige manier toegepas dat dit tot nadeel van veral die verarmde helfde van die bevolking strek.

Die RO-beleid word in die private sektor blykbaar suksesvol toegepas. In die openbare sektor word dit hopeloos te hard gedryf sonder om rekening te hou met die gebrek aan opleiding en ondervinding in die geledere van die swartmense. Gevolglik het die openbare sektor in bykans totale ondoeltreffendheid verval en kan dit nie meer essensiële dienste lewer nie. (Of blankes nou daarvan hou of nie, hulle moet onthou dat die swartmense se gebrek aan opleiding en ondervinding die direkte gevolge is van die onderwys en ander geleenthede wat gedurende apartheid aan swartmense ontnem is).

Die feit dat die SEB op so 'n eng en korrupte manier toegepas word, is totaal onaanvaarbaar. Hierdie beleid het daarin geslaag om binne 15 jaar 'n swart elite van 6,2 miljoen te help skep. Baie van hulle het te vinnig, te maklik en op bedenklike maniere, te ryk geword. Dit is inderdaad

immoreel (en selfs krimineel) dat baie van die Afrikaanelite geld so kwistig vermors, hulleself blink vryf en hulle aan ruwe “conspicuous consumption” en aan korrupsie skuldig maak, terwyl minstens 10 miljoen Suid-Afrikaners nie eens in hulle basiese menslike behoeftes kan voorsien nie!

Suid-Afrika se Menslike Ontwikkelingsindeks van die VN het van die 85 plek in 1990 na die 129 plek uit 182 lande in 2007 teruggesak. Dis baie erg.

Watter bydrae het ons kapitalistiese stelsel tot Suid-Afrika se ongelyke verdeling gemaak? Dit behoort tot die wese van kapitalisme dat dit diegene wat die speelveld van die kapitalisme betree met bemarkbare eiendom en bemarkbare vaardighede ruimskoots vergoed, terwyl diegene wat min of geen eiendom en vaardighede het nie, grootliks deur die kapitalisme gemarginaliseer en sistemies uitgesluit word.

Die blanke elite wat van 1910 tot 1948 deur die SAP- en VP-regerings bevoordeel is, was daarna in staat om met hulle eiendom en vaardighede in die kapitalistiese stelsel voort te woeker. Die Afrikaners wat van 1948 tot 1994 danksy die NP-regering verryk en geskoold geraak het, kan sedertdien met hulle eiendom en vaardighede voortwoeker.

Die kapitalisme is nou eenmaal 'n stelsel waardeur die rykes ryker en die armes armer word! In kontinentale lande in Europa korrigeer die staat die ongelykhede wat deur kapitalisme “geproduseer” word. In Suid-Afrika “produseer” die kapitalisme én die staat alreeds sedert 1910 al hoe groterwordende ongelykhede.

Baie van die 3,8 miljoen ryk blankes wat sedert 1910 deur die werking van die kapitalisme en die staat bevoordeel is, kan vandag Kalifornië-lewenstandaarde handhaaf. Die vertoosug van baie is 'n bron van kommer.

Die swart elite kan sedert 1994 ook met hulle eiendom en vaardighede in die kapitalistiese stelsel voortwoeker.

Sedert 1910 het die Engelse, die Afrikaner en die Afrikaan maghebbers telkens sy eie ondersteuningsgroep (of 'n deel daarvan) sodanig *bevoordeel* dat hulle die kapitalistiese “tredmeule” kon bestyg om nog ryker te word.

Die 15 miljoen mense wat tans die middelgroep uitmaak, beskik wel oor eiendom en vaardighede, maar nie genoeg om die kapitalistiese “tredmeule” suksesvol te bestyg nie. Ons kan verwag dat sowat 4 miljoen van hulle in die volgende 10 jaar soveel eiendom en soveel vaardighede sal bekom, dat hulle die “tredmeule” sal kan bestyg.

Die armlastige 25 miljoen beskik oor byna geen eiendom en vaardighede nie. Hulle het hoegenaamd geen kans om die “tredmeule” te betree nie. Ons huidige politiek-ekonomiese stelsel het hulle in permanente strukture van armlastigheid vasgevang.

Wat staan ons te doen om 'n beter Suid-Afrika te skep? Ek weet nie! Wat ek wel weet is dat solank die huidige politieke en ekonomiese maghebbers gaan aanhou om hulle politieke en ekonomiese mag te misbruik om steeds groter mag en rykdom vir *hulleself* te gryp, daar nie 'n oplossing is nie. Soos *segregasie* deur *apartheid* vervang is, só het die stelsel van veelrassige *elitisme*, *apartheid* vervang. Hierdie stelsel van *elitisme* is net so immoreel en net so boos soos wat *segregasie* en *apartheid* was. Soos *segregasie* en *apartheid* sluit die stelsel van *elitisme* ook *minstens* 50% van die bevolking sistemiese uit.

Ek is bevrees ons is besig om 'n atmosfeer voor te berei wat bevorderlik vir 'n Tweede Struggle gaan wees. Mense moet my nie verkwalik nie. Dit staan groot oor die hele Suid-Afrika geskryf vir diegene wat gewillig is om te kyk.